



Afrikaans

MINISTRY OF EDUCATION

*Te Tāhuhu o te Mātauranga*

# NASIONALE STANDAARDE vir lees, skryf en wiskunde

Hoe goed vaar my  
kind op skool?



## Wat is Nasionale Standaarde (National Standards)?

Vanaf 2010 gaan alle skole met kinders in Jare 1–8 (Years 1–8) National Standards vir lees, skryf en wiskunde gebruik.

Die standarde is deur die Ministerie van Onderwys (Ministry of Education) en vakdeskundiges ontwikkel. Die standarde beskryf die vaardighede wat van kinders wie se eerste taal Engels is, verwag word ten opsigte van lees, skryf en wiskunde in Jare 1–8.

### As Engels nie jou kind se eerste taal is nie

As jou kind 'n nuwe leerder van Engels is, kan die skool besluit dat dit billiker sal wees om in die eerste twee of drie jaar deur middel van Die Engelse Leervorderings (The English Learning Progressions) aan jou verslag te doen.

Jou skool sal jou kind se vordering en prestasies aan jou rapporteer in aanmerking van die Lees, Skryf en Wiskunde Nasionale Standaarde. Om u op hoogte te hou van u kind se vordering met die leer van Engels as 'n adisionele taal, mag die skool ook besluit om aan u verslag te doen, deur middel van Die Engelse Leervorderings ("The English Language Learning Progressions").

“The Progressions” beskryf lees, skryf, praat en luister verwagting vir kinders wie nuwe leerders van Engels is. Dit help ook jou kind se onderwyser om ‘n geskikte onderrig-en-leerprogram te verskaf wat jou kind sal help om Engels te leer.

## Hoekom word hierdie standaarde ingestel?

Die standaarde gee jou, jou kind en onderwysers ‘n goeie aanduiding van hoe goed jou kind vaar in lees, skryf en wiskunde, en wat hy/sy volgende in die leerproses moet doen.

Deur goed te presteer in lees, skryf en wiskunde, sal jou kind die vaardighede en kennis opdoen wat hy/sy nou nodig het. En deur ‘n werksvlak te handhaaf wat op dieselfde vlak of hoër is as die standaarde in Jare 1-8, behoort jou kind op koers te wees om hoërskool te voltooi met ‘n waardevolle kwalifikasie – NCEA Level 2 of soortgelyk.

## Die lees-, skryf- en wiskundestandaarde word deur onderwysers gebruik om:

- dit wat jou kind in lees, skryf en wiskunde moet leer, te beplan en aan te bied
- vas te stel hoe goed jou kind leer
- jou kind se volgende leerstappe te bepaal en om saam met jou en jou kind leerteikens daar te stel
- minstens twee keer per jaar deeglik aan jou verslag te doen oor jou kind se vordering en prestasie ten opsigte van die standaarde.



## Is daar een nasionale toets?

Nee.

## Hoe stel die onderwyser vas hoe goed jou kind leer?

Die onderwyser gebruik deurgaans talle maniere om uit te vind hoe goed jou kind in lees, skryf en wiskunde vaar. Dit sluit die volgende in:

- die gebruik van 'n reeks formele toetse/assesserings
- waarneming van hoe jou kind in die klaskamer werk
- gesprekvoering met jou kind oor sy/haar leersituasie
- jou kind se assessering van sy/haar eie werk, en die kinders se assessering van mekaar se werk.

Party kinders het meer tyd en ondersteuning nodig in hul poging om die verwagte standaard te bereik. Die onderwyser sal met jou en jou kind saamwerk om te help dat jou kind sy/haar volgende leerteikens bereik.



## Samewerking met jou kind se onderwyser

Jy speel 'n belangrike rol in jou kind se onderrig.

'N Goeie verhouding met jou kind se onderwyser, 'n deeglike begrip van hoe goed jou kind vaar, en jou samewerking ten opsigte van jou kind se onderrig sal daartoe bydra dat jou kind sy/haar beste lewer.

## Vrae wat jy die onderwyser kan vra

- Hoe goed vaar my kind?
- Wat kan hy/sy goed doen?
- Waarmee het hy/sy hulp nodig?
- Wat gaan hy/sy volgende leer?
- Wat moet jy van my kind weet om hom/haar in die klaskamer te help?
- Hoe gaan die skool my kind ondersteun?
- Wat kan ek doen om my kind tuis te help studeer?
- Wat is die beste manier om met u in kontak te bly oor my kind se vordering?

# Wil jy meer weet omtrent National Standards of verslagdoening?

- Praat met jou kind se onderwysers
- Besoek die Ministry of Education se webtuiste vir ouers en klik op die National Standards-skakel – [www.minedu.govt.nz/Parents](http://www.minedu.govt.nz/Parents)  
Die webtuiste bevat ook inligting oor:
  - die aanleer van Engels as tweede taal
  - kinders met leergebreke.
- Lees die standaard – [www.nzcurriculum.tki.org.nz/National-Standards](http://www.nzcurriculum.tki.org.nz/National-Standards)



Copies of this leaflet (item number 700091) are free to order from [www.thechair.minedu.govt.nz](http://www.thechair.minedu.govt.nz) or by email: [orders@thechair.minedu.govt.nz](mailto:orders@thechair.minedu.govt.nz)

The leaflet is also available in: Arabic (700090), Chinese (700088), Cook Islands Māori (700089), Dari (700086), English (700012), French (700087), Hindi (700084), Korean (700085), Niue (700094), Samoan (700082), Somali (700083), Tagalog (700081), Thai (700095), Tokelau (700092), Tongan (700093).